GAUTENG PROVINCE
Department: Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

EKURHULENI NOORD

DISTRIK

Grade 9 Eksamen

9 NOVEMBER 2017

VAK	: Sosiale Wetenskappe
	: Geskiedenis
DATUM	: 9 November 2017
TOTAAL	: 100
TYD	: 2 uur

INSTRUKSIES :

1. **A l die afdelings en vrae moet beantwoord word.**
2. **Die vraestel bestaan uit TWEE afdeling uit, Afdeling A en B**
3. **Afdeling A is verpligtend**
4. **In Afdeling B is daar twee opstel vrae,beantwoord slegs EEN**
5. **Skryf netjies en leesbaar**
6. **Leerders moet nie bronne net so oor skryf nie.**
7. **Moenie vergeet om jou naam en klas te skryf nie.**
8. **Die vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

AFDELING A

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

Vraag 1**: 1948: Nasionale Party en Apartheid: Onderdrukking en nie-geweldadige weerstand teen Apartheid**

Meervoudige keuse vrae:Kies die korrekte antwoord deur die letter te skryf bv. 1.1. E

1.1.1. In 1948, het die _____ party Apartheid in Suid Afrika ingetsel.

a) Demokratiese Party

b) Demokratiese Alliansie

c) Nasionale Party

d) Federale Party (1)

1.1.2. "Apartheid" verwys na;

a) Beleid van uitbreiding

b) Beleid van eenheid

c) Beleid van segregasie wat mense van verskillende rasse skei

d) Suid Afrikaanse buitelandse beleid (1)

1.1.3. Die Apartheidwet wat mense van 'n sekere ras verbied het om sekere stedelike areas te betree;

a) Groepsgebiedewet

b) Wet op die verbod op gemengde huwelike

c) Wet op die onderdrukking van Kommunisme

d) Wet op Bantoe onderwys (1)

1.1.4. Die wet het mense van verskillende rasse verbied om dieselfde publieke fasaliteite te gebruik soos bv. badkamers;

a) Wet op Bevolkingsregistrasie

b) Wet op ontug

c) Uitbreiding van universiteitswet

d) Reservering van Afsonderlike geriewe (1)

1.1.5. Die president van die ANC gedurende die Versetveldtog;

a) J.L Dube

b) S.M Makgatho

c) L.S Moraka

d) A. Luthuli (1)

1.1.6. Die Versetveldtog het in _____ begin;

a) 1948

b) 1952

c) 1960

d) 1962 (1)

1.1.7. Die Vryheidsmanifes is aangeneem by;

a) PAC

b) Kongres van die mense

c) ANC Kongres

d) Indiese Kongres (1)

1.1.8. _____ was die jaar wat die Vryheidsmanifes aanvaar is.

a) 1995

b) 1955

c) 1948

d) 1990 (1)

1.1.9. Die Derde Mag was;

a) Die PAC

b) Wapens wat deur die USSR aan die ANC gegee is

c) Die NP wat wapens en opleiding aan die IVP verskaf het

d) MK en POQO (1)

1.1.10. Bekende persone wat aangekla was van Hoogverraad gedurende die Hoogverraad verhoor ;

a) Robert Sobukwe en Steve Biko

b) Thabo Mbeki en Walter Sisulu

c) Kgalema Motlanthe en Cyril Ramaphosa

d) Oliver Tambo en Nelson Mandela (1)

[10]

BRON A

Universele Verklaring van Menseregte

Die onderstaande is van die regte wat in die Universele Verklaring van Menseregte voorkom:

- **Die reg om gelyk behandel te word ongeag ras, geslag, taal en kultuur**
- **Vryheid van marteling en vernedering**
- **Reg tot gelykheid voor die reg**
- **Reg om nie onregverdig gevangene geneem te word nie**
- **Reg tot 'n regverdige verhoor**
- **Reg om in jou eie land vrylik rond te kan beweeg**
- **Vryheid van godsdiens, geloof en opinie**
- **Vryheid van vreedsame byeenkoms en assosiasie**
- **Die reg om in die regering te kan deelneem**
- **Reg om te werk en 'n billike salaris te verdien**
- **Reg tot 'n toereikende lewenstandaard**
- **Reg tot onderwys**

1.2. Verwys na Bron A en beantwoord die vrae wat volg.

1.2.1. Waarom was die VN gestig? (2)
1.2.2. Wat was die hoofdoel van die VN? (2)
1.2.3. Wat was die volledige naam van die dokument wat Suid Afrika se menseregte geïnspireer het? (1)

[5]

Gedwonge verskuiwings

1.3. Verwys na Bron B en beantwoord die vrae wat volg.

BRON B

Gedwonge verskuiwings van die mense van Mapgopa na Bophuthatsawa.

Die Bakwena BaMogopa stam, het uit omtrent 350 families bestaan en het oor twee plase gestrek in die Weste van Johannesburg. Die twee plase is gekoop in 1911, voor die Natruelle Grondwet in 1913 ingetsel was. Oor 'n tydperk van 70 jaar is daar twee skol, 'n kerk en boorgate opgerig sonder enige hulp van die regering af. Die mans het in die dorpe en op die plase naby gewerk. Sommige van die mense het groente gegroei wat hulle dan verkoop het aan dorpe naby. Hulle het hul eie gemeenskap regeer deur 'n stamraad.

In 1978 het Jacob More die hoof geword van die stamraad, maar hy het korrup geword en die stam wou hom ontslaan. Dit het gelyk of hy aan die kant van die die Afrikaner regering was, wat wou gehad het hy moes aanbewind bly. In 1982, het die regering in die geheim met Jacob More onderhandel dat die stam geskuif gaan word na 'n onvrugbare gebied naamlik Pachdraai, wat in die Bantoestan van Bophuthatswana was.

In Junie 1983 het stootskrapers op die stam se grond gearriveer. Jacob More en 10 families het ingestem om na die nuwe area te trek. Al hulle besittings is in regringstrokke gelaai, hulle huise, die kerk en skole is gesloop. Die ander gesinne was woedend en het geweier om te trek. Hulle het vermoed dat Jacob en sy vriende spesiale behandeling ontvang want hulle het in 'n blanke huis in die area ingegaan.

In Augustus 1983, het 170 families getrek toe die waterpompe vernietig is deur die regerings amptenare. Die oorblywende families het baie swaargekry, maar steeds weerstand gebied teen die regering. Die weerstand het internasionale nuus gehaal. Die Black Sach, Helen Suzman en Aartsbiskop Desmond Tutu het aan die regering 'n beroep gedoen namens die mense van Mogopa. Buitelandse joernaliste is ingevlieg met helikopters na Mogopa toe. Regerings amptenare het vir hulle vertel dat uitstekende fasiliteite ontwikkel gaan word by Pachdraai.

Op 14 Februarie 1984 het regringsamptenare en polisie onverwags by Mogopa opgedaag. Hulle het die oorblywende families met geweld verwyder in net een dag. Die trotse en voorspoedige Mogopa stam is verander na 'n verslete arm plakkerskamp.

1.3.1. Hoe het Jacob More sy mense verraai? (2)
1.3.2. Hoe weet jy die Mogopa stam was gelukkig waar hulle was? (2)
1.3.3. Hoe was die Groepsgebiedewet deur die Mogopa en ander mense teengestaan? (2)

1.3.4. Wat beteken die term " Natruêlle"? (2)

[8]

1.4. Verwys na Bron C en beantwoord die vrae wat volg:

BRON C

Vryheidsmanifes

Ons, die mense van Suid Afrika, verklaar sodat almal in ons land en alamal in die

wêreld kan weet:

Dat Suid Afrika die besit is van almal wat daarin woon, swart sowel as wit en dat geen regering met reg op gesag aanspraak kan maak tensy dit gebaseer is op die wil van al die mense.

Die menses al regeer.

Alle menses al deel in die land se rykdom.

Die land sal gedeel word deur deur die wat dit bewerk.

Almal sal gelyk wees voor die reg.

Almal sal gelyke menseregte geniet.

Daar sal werk en sekuriteit wees.

Die deure van geleerdheid en kultuur sal oop gemaak word. .

Daar sal behuising, sekuriteit en gemak wees vir almal

Daar sal vrede en vriendskap wees.

1.4.1. Haal bewyse uit die bron uit wat die volgende eise uitlig.

1.4.1.1. Demokrasie (1)
1.4.1.2. Gelykheid (1)
1.4.1.3. Gelyke onderwys (1)

[3]

Apartheidswette

1.5. Pas kolom B by Kolom A deur die korrekte letter te skryf. bv. 3.11. K

Kolom A		Kolom B	
1.5.1.	Bantoe Onderwys Wet	A.	Die wet klasifiseer alle Suid Afrikaners volgens hul ras bv. Blank, Keurling, Indiër en Swart.
1.5.2.	Paswet	B.	Bepaalde rasse word verbied om verskeie stedelike gebiede te betree.
1.5.3.	Wet op Reservering van Afsonderlike Geriewe	C.	Die wet vebied huwelike tussen Blank en en Swart.
1.5.4.	Wet op die onderdrukking van Kommunisme	D.	Tuislande is geskep vir swartmense om te woon.
1.5.5.	Wet op die Verbod op gemengde Huwelike	E.	Strande, parke, badkamers en ander publieke fasiliteiete was geskei vir Blank en Nie-blank.
1.5.6.	Groepsgebiedewet	F.	Swart kinders ontvang 'n swakker leerplan.
1.5.7.	Wet op Bevolkingsregistrasie	G.	Allle Swart mans moet 'n pasboek by julle dra om die invloei van swart mans in Blanke gebiede te beheer.
1.5.8.	Wet op Bantoe owerhede (Bantoestans)	H.	Die wet het alle politieke organisasies verban waarvan die NP nie gehou het nie. Hulle het sulke partye kommunisties genoem.
1.5.9.	Openbare veiligheidswet	I.	Die wet het enige seksuele verhouding tussen Swart en Blank verbied.
1.5.10.	Wysiging op die ontugwet	J.	Die wet het aan die regering die mag gegee om 'n Noodtoestand af te kondig

[10]

Sharpeville Slagting

1.6. Lees die volgende en beantwoord die vrae wat volg

BRON D

[van 'n verklaring van die Suid Afrikanse Hoë Kommisaris in Londen, 1960]

Volgens die informasie wat nou beskikbaar is, het die gebeure in Sharpeville op Maandag plaasgevind a.g.v 'n beplande demonstrasie van ongeveer 20 000 swartmense. Die betogers het die polisie aangeval met verskeie wapens wat vuurwapens ingesluit het. Die betogers het eerste begin skiet en die polisie moes optree om hulself te beskerm. Die bewerings van die VN dat die betogers nie gewapen was nie en vreedsaam was, is uiters onwaar.

BRON E

[Verslag van die gebeure van Sharpeville, 21 Maart 1960 uit die Drum tydskrif, 'n tydskrif vir swart leesers.]

Die polisie het beweer dat hulle ingevaar was omdat die skare hulle begin gooi het met klippe, maar net drie plisiemanne was raak gegooi. Daar was egter 200 swartmense doodgskiet. Die polisie het ook beweer dat die skare vuurwapens gehad het. Ek het geen vuurwapens gesien nie, ek het ook foto bestudeer van die toneel na die tyd. Terwyl ek daar was, was daar skoene, hoede en 'n paar fietse wat tussen die lyke gelê het. Die skare het my geen rede gegee om bang te voel nie (al was ek blank), terwyl ek tussen hulle sonder enige beskerming beweeg het. Ek dink die polisie was bang en ek dink die skare het dit geweet.

1.6.1. Deur jou eie kennis te gebruik, verduidelik waarom het mense soveel mense by die Sharpeville polisiestasie bymekaar gekom. (2)

1.6.2. Wie was die stigter van die PAC? (1)

1.6.3. Bestudeer die twee bronne en sê hoe dit verskil vanmekaar. (2)

1.6.4. Lys drie langtermyn gevolge van die Sharpeville opstande. (3)

1.7. Skryf 'n paragraaf waar jy die oorsake, gebeure en gevolge van die Sharpeville opstande verduidelik. (8)

[16]

Vroueoptog

1.8. Bestudeer Bron F en beantwoord al die vrae

BRON F



Strijdom, jy het met die vroue gesukkel. Jy het 'n rots geslaan. Jy sal vernietig word.

1.8.1. Waarom het die vroue op die dag in opstand? (1)
1.8.2. Op watter datum het die Vroueoptog plaasgevind? (2)
1.8.3. Wie was "Strijdom" waarna verwys word in die plakaat? (1)
1.8.4. Identifiseer twee van die leiers van die Vroue Optog (2)
1.8.5. Watter boodskap prober die plakaat oordra . (2)

[8]

Soweto Opstande

1.9. Verwys na Bron G

‘n Uittreksel van “Write what I like” deur Steve Biko wat in 1987 gepubliseer is. In die uittreksel lê hy klem op die belangrikheid dat swartmense ontslae moet raak van ;n gevoel van minderwaardigheid.

“Die swartman het ‘n leë dop geword, ‘n skaduwee van ‘n man wat heeltemal verslaan is, wat verdrink in sy eie ellende.”

Geen wonder swart kinders leer in skole om hu erfenis te haat nie. So negatief is die beeld aan hom voorgehou dat hy geneig is om troos te vind in die identifikasie van die blanke samelewing. “Swartbewussyn” moet gerig word aan die verlede, om die geskiedenis van die swartman te herskryf en daardeur die held te vorm wat die kern is van die Afrikaanse agtergrond.

Enige verandering wat gaan kom kan slegs kom as die resultaat van die program uitgewerk word deur swartmense , hulle moet die een element verslaan in die politiek wat teen hulle werk, wat ‘n sielkundige gevoel van minderwaardigeheid is.

STEVE BIKO

1.9.1. Waarom dink jy was Swartbewussyn populêr onder die jeug? (2)

1.9.2. Steve Biko verwys na ‘n “sielkundige gevoel van minderwaardigheid”. Verduidelik dit wat dit beteken in jou eie woorde. (2)

1.9.3. Deur jou eie kennis te gebruik van Swartbewussyn, verduidelik hoe dit die jeug van Soweto kon beïnvloed in 1976. (2)

[6]

1.10. Verwys na Bron H en Bron I en beantwoord die vrae wat volg..

BRON H

BRON I

"Toe die geskietery begin, het ek gaanwegkruip. Toe die geskietery ophou het ek besluit om te kyk wat het gebeur. Ek het ,my broer (Hector Pieterson) gesien oorkant die straat en na hom geroep. Hy het toe oor die straat geloop om met my te kom praat, maar toe word daar weer geskiet. Ek het gedog hy het saam met my gehardloop en kom wegkruip, maar hy het nie. Toe ek weer terug keer waar ek hom nou net gesien het het, was hy nie daar nie. 'n Groep kinders het bymekaar gekom , Mbuyiso het 'n lyk opgetel …toe sien ek daar lê Hector se een skoen."

Antoinette Sithole, Tshesele High School

1.10.1. Identifiseer twee oorsake van die Soweto opstande. (2)

1.10.2. Bestudeer die twee bronne en verduidelik hoe stem hulle ooreen. (2)

1.10.3. Hoe dink jy sou swart Suid Afrikaners regeer op die hoofoskrif van die Koerant (Bron H) (1)

1.10.4. In jou eie woorde verduielik die gebeure van die dag. (3)

1.10.5. Wie was Hector Pieterson? (1)

[9]

1990: Vrylating van Nelson Mandela en die ontbanning van bevrydingsbewegings.

1.11. Verwys na Bron J en beantwoord die vrae wat volg.

BRON J

1.11.1. Identifiseer persone A en B. (2)

1.11.2. Watse historiese gebeurtenis het op 2 February 1990 plaasgevind? (1)

1.11.3. Verduidelik of die bron 'n primêre of sekondêre bron is, motiveer. (2)

[5]

TOTAAL VIR Afdeling A = 80

B: Opstel vrae

Beantwoord net **EEN** vraag by die afdeling

Vraag 2

Onthou ‘n opstel moet uit ‘n inleiding, inhoud en ‘n slot bestaan.

2.1.1. **“Die Vryheidsmanifes was net een manier om weerstand te bied teen die Apartheidsregering.Bespreek die volgende tipes weerstand in die 1950’s** **(20)**

Maak gebrui van dioe volgende punte om jou langvraag te skryf:

- Program van Aksie
- Versetveldtog
- Vryheidsmanifes
- Vroueoptog

OF

2.1.2. **Skryf ‘n opstel waarom die Soweto opstande plaasgevind het asook die gebeure en die gevolge van die opstande in 1976.** **(20)**

Maak gebrui kvan die volgende punte;

- Oorsake van die Soweto opstande
- Wat het gebeur tydens die opstande
- Gevolge van die opstande

GROOT TOTAAL: 100